



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2021**

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:  

AFDELING A:	Leesbegrip	(30 punte)
AFDELING B:	Opsomming	(10 punte)
AFDELING C:	Taalstrukture en -konvensies	(40 punte)
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
4. Trek 'n streep ná elke afdeling.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.
8. Voorgestelde tydsindeling:  
AFDELING A: 45 minute  
AFDELING B: 20 minute  
AFDELING C: 55 minute
9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP****VRAAG 1: ARTIKEL EN GRAFIESE TEKS**

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

**AMIRA**  
**Goue stem met 'n goue hart**

- 1 Amira Willighagen se pa is 'n Nederlander en haar ma 'n Suid-Afrikaner. Daarom praat sy Nederlands en Afrikaans. Sy het met musiek in die huis grootgeword. Haar broer, Fincent, het by haar ma geleer viool speel en almal luister as haar pa voor die klavier gaan sit om te speel.
- 2 Amira was sewe jaar oud toe sy besluit het dat sy graag wou sing. Voordat sy sanglesse begin neem het, het Amira YouTube gebruik om haarself te leer sing. Dit is hoe sy agtergekom het dat sy regtig 'n talent en passie vir musiek het. Selfs haar ma was verbaas toe sy Amira die eerste keer hoor sing het. 5
- 3 In 2012 het Amira die eerste keer saam met haar gesin by die Music Makes Friends-fees opgetree. Sy was ook deel van die Emmaus-kinderkoor. In 2014 het sy aan Holland's Got Talent deelgeneem. Almal wat haar hoor sing het, het van haar gehou. Sy was gewild en het die kompetisie gewen. In dieselfde jaar het André Rieu, 'n wêreldbekende orkesleier, Amira gevra om saam met hom en sy orkes in Nederland op te tree. Amira word deesdae baie genooi om aan TV-programme deel te neem. 10 15
- 4 Amira se eerste internasionale optredes was in Februarie en Maart 2014 in Suid-Afrika. Daarna het sy oral in die wêreld opgetree. Amira se eerste album het binne twee weke goue status bereik nadat dit in November 2014 in Nederland vrygestel is. Op hierdie album sing sy tien liedjies.
- 5 Amira verdien geld as sy by konserte optree en as sy haar albums verkoop. Die helfte van hierdie geld skenk sy aan haar eie projek vir liefdadigheid. Hierdie projek bou speelplekke vir arm kinders in Suid-Afrikaanse townships. 20
- 6 Amira se idee om speelplekke te bou, het begin toe sy net sewe jaar oud was. Sy het by haar ouma in Suid-Afrika gekuier en gesien dat baie kinders nie 'n lekker, veilige speelplek het nie. Dit het haar hartseer gemaak. Sy het toe vir haar ma gesê as sy ooit genoeg geld het, wil sy terugkom Suid-Afrika toe om hierdie kinders te help. 25
- 7 Dit is presies wat sy gedoen het. Sy het die eerste speelplek in 2014 in Ikageng, naby Potchefstroom, geopen. Daarna is nog 'n paar sulke speelplekke gebou. Hierdie speelplekke het speelrame, swaaie, glybane en sandbakke. Teen die einde van 2020 was daar al dertien van Amira se speelplekke. 30

8	Amira probeer mense ook op ander maniere help. In Junie 2017 het sy 'n konsert gehou om geld in te samel vir die slagoffers van die bosbrande rondom Knysna. In Augustus 2020 het Amira R80 000 geskenk vir kos en vrugtesap vir kinders wat honger ly.	35
9	Amira, haar ma en broer het in 2018 permanent na Suid-Afrika verhuis. Sy is steeds baie besig. Saam met haar nuwe bestuurder beplan hulle om minder te toer, maar om meer konserte tydens elke toer te hou.	
[Verwerk uit <a href="#">Wikipedia.com</a> ]		

- 1.1 Watter TWEE tale praat Amira? (2)
- 1.2 1.2.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.  
Amira kom uit 'n (sportiewe/musikale) gesin. (1)
- 1.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.2.1 in jou EIE woorde. (1)
- 1.3 Hoe weet ons dat Amira tegnologie gebruik het om te leer sing? (1)
- 1.4 Amira het alleen by die Music makes Friends-fees opgetree.  
Sê in jou EIE woorde waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)
- 1.5 Wat is die naam van die koor waarin Amira gesing het? (1)
- 1.6 Noem VIER hoogtepunte (*highlights*) van Amira se loopbaan (*career*) in 2014. (4)
- 1.7 Hoeveel liedjies is op Amira se eerste album? (1)
- 1.8 Amira se eerste album was baie gewild (*popular*).  
Skryf TWEE AGTEREENVOLGENDE WOORDE uit paragraaf 4 neer wat hierdie stelling bewys. (1)
- 1.9 Noem TWEE maniere waarop Amira as sangeres geld verdien. (2)
- 1.10 "Sy het by haar ouma in Suid-Afrika gekuier en gesien dat baie kinders nie 'n lekker, veilige speelplek het nie."  
1.10.1 Hoe het hierdie situasie Amira laat voel? (1)  
1.10.2 Wat het Amira gedoen om hierdie situasie te verbeter? (1)
- 1.11 Noem TWEE dinge wat kinders by Amira se speelplekke kan besig hou. (2)

- 1.12 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.12) neer.

Amira het geld ingesamel om **slagoffers** (*victims*) van die Knysna-bosbrande te help. Dit beteken sy het mense gehelp wat ...

- A in die bosbrande dood is.
- B Knysna ná die bosbrande wou besoek.
- C al hulle goed in die bosbrande verloor het.
- D ná die bosbrande nie meer op Knysna wou bly nie. (1)

- 1.13 VOLTOOI die volgende sinne deur woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommers (1.13.1 en 1.13.2) en die antwoord neer.

die bekende orkesleier; die persoon wat haar optredes reël; haar broer; haar pa;
---


Die jaar 2018 was 'n jaar van verandering vir Amira. Sy is sonder (1.13.1) ... in Suid-Afrika. Nou het (1.13.2) ... ook besluit om haar toerprogram te verander. (2)

- 1.14 Die sub-opskrif is: **Goue stem met 'n goue hart**

- 1.14.1 Wat beteken dit as iemand 'n "goue" hart het? (1)
- 1.14.2 Lees weer paragraaf 7. Hoe weet jy dat Amira 'n goue hart het? (1)

**TEKS B: VISUELE TEKS**

Bestudeer die teks hieronder en beantwoord die vrae.



[Verwerk uit *Grafika24*]

1.15 Waar in die wêreld is Facebook deur die meeste mense gebruik? (1)

1.16 Watter EEN woord in hierdie teks sê vir ons dat hierdie inligting feite is? (1)

1.17 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit is nie so duur om WhatsApp te gebruik nie.  
Daarom gebruik (minder/meer) mense hierdie sosiale platform. (1)

1.18 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.18) neer.

Die  simbool op YouTube stel .... voor

- A direkte gesprekke
- B teksboodskappe
- C telefoonoproepe
- D video's

(1)

1.19 Hoekom is dit maklik om hierdie visuele teks te lees? Gee EEN rede.

(1)

1.20 Hoekom, dink jy, het mense in die grendeltyd baie van sosiale platforms gebruik gemaak?

(1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING****VRAAG 2: WAT JY VOOR EN TYDENS 'N ONDERHOUD MOET DOEN**

Jou broer het vir 'n werk by 'n bekende besigheid aansoek gedoen. Hy is vir 'n onderhoud (*interview*) genooi. Jy verduidelik aan hom wat jý dink 'n mens voor en tydens 'n onderhoud moet doen.

- Som in SEWE VOLSINNE op **wat jou broer voor en tydens 'n onderhoud moet doen**.
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou EIE WOORDE neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag NIE langer as 60 woorde wees NIE.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

Vind soveel moontlik uit oor die besigheid waar jy wil gaan werk. Dit sal jou help om te verstaan wat die besigheid nodig het. Dan sal jy die vrae goed kan beantwoord.

Netjiese klere sê watter tipe mens jy is. Jy wil graag vir die mense wys dat jy die regte persoon vir die werk is. Onthou dit as jy aantrek vir die onderhoud.

Sekere besighede sal dalk vir dokumente soos jou ID-kaart en sertifikate vra. Maak seker dat jy dit by jou het.

Daag so 10 tot 15 minute voor jou onderhoud op. Dit sal jou tyd gee om kalm te raak of om gou badkamer toe te gaan. Liewer te vroeg as te laat.

Jy wil hê die mense moet sien jy is opgewonde oor die werk. Wys dit met jou hele houding as jy in die onderhoud is. Dit kan jou definitief help om die werk te kry.

Die mense gaan vir jou vrae vra. Jy moet mooi daarna luister. Dit sal jou help om die regte antwoorde te gee.

Gedurende die onderhoud gaan jy ook 'n kans kry om vrae te vra. Gebruik hierdie kans om te vra wat jy wil weet. Die onderhoudvoerders sal dit waardeer.

[Verwerk uit [WikiHow.com](https://www.wikihow.com)]

**TOTAAL AFDELING B: 10**



**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees en bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**

**ROCK BOSS**

**Rock Boss hou die lekkerste konserte!**

**(3.3) Dié (goed) musiekkonsert van die jaar**

**(3.5) Jy móét dit bywoon!**

**(3.6) Dis net wat jy nodig het!**

Rock Boss se konsert is net fantasties ... ongelooflik!

3.9

**FNB-stadion  
6 en 7 Augustus 2021  
18:00**

[Eie advertensie]

- 3.1 Hoekom gebruik die adverteerder verskillende lettertipes/fonte in die advertensie? (1)
- 3.2 3.2.1 Skryf die stelsin hieronder as 'n VRAAGSIN oor. Die onderstreepte woord moet die antwoord op die vraag wees. (1)
- Rock Boss hou die lekkerste konserte!
- 3.2.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.2.2) neer. (1)
- Rock Boss hou die lekkerste konserte!
- Daar is 'n UITROEPTEKEN aan die einde van die sin om die leser .... te maak.
- A nuuskierig  
B moedeloos  
C opgewonde  
D deurmekaar (1)
- 3.3 Gee die korrekte VORM van die woord tussen hakies. (1)
- Dié (goed) musiekkonsert van die jaar
- 3.4 Rock Boss hou die lekkerste konserte. (1)
- Watter ANDER WOORD behalwe die een by 3.3 gebruik die adverteerder om die konsert te beskryf?
- 3.5 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. (1)
- Jy móét dit bywoon!
- Die sin hierbo is 'n voorbeeld van (stereotipering/oorreding).
- 3.6 Is die volgende stelling 'n FEIT of 'n MENING? Motiveer jou antwoord. (1)
- Dis net wat jy nodig het!
- 3.7 Watter VOORNAAMWOORD gebruik die adverteerder om die leser te laat voel dat daar met hom/haar gepraat word? (1)
- 3.8 Verduidelik wat van hierdie advertensie 'n sukses maak. (1)
- 3.9 VOLTOOI die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (3.9) en die antwoord neer. (1)
- |          |        |       |
|----------|--------|-------|
| rustige; | harde; | sagte |
|----------|--------|-------|
- Die luidspreker pas by die advertensie, want dit wys dat ... musiek gespeel word.


(1)  
[10]

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS E**

**RAAMPIE 1**




(4.1) Jy kan nie (gaan) (met vakansie) (alleen) nie!

(4.2) **WAT?**  
(4.3) Julle kan dit nie aan my doen nie. My vriende se ouers sal dit nooit aan hulle kinders doen nie!

MA

JEREMY, DIE SEUN


**RAAMPIE 2**



(4.4) ...

(4.6) So, Ma dink ek is nog nat agter die ore?

**RAAMPIE 3**




Pa het dit dan gedoen. Ek is nie meer 'n klein seuntjie nie.

(4.7) Daar is 'n goeie rede waarom ek dit kon doen.

PA

**RAAMPIE 4**



(4.8) (*Really?*) Wat is dié rede nogal?

Dit was veiliger in die dae toe ek jonk was.

Presies! Ek dink ook so.

[Verwerk uit Zitts]

- 4.1 RANGSKIK die woorde tussen hakies in die korrekte VOLGORDE. Skryf die hele sin uit.  
Jy kan nie (gaan) (met vakansie) (alleen) nie. (1)
- 4.2 Waarom is "Wat" in RAAMPIE 1 vetgedruk? (1)
- 4.3 Verduidelik hoe Jeremy sy ma in RAAMPIE 1 probeer manipuleer. (1)
- 4.4 Skryf die volgende sin oor sodat dit by die gesprek in RAAMPIE 2 inpas. (DIREKTE REDE)  
Ma skree vir Jeremy dat hy net sestien jaar oud is. (1)
- 4.5 Hoe kan ons uit RAAMPIE 2 aflei dat Jeremy se ma ontsteld (*upset*) is? (1)
- 4.6 "So, Ma dink ek is **nog nat agter die ore?**"
- 4.6.1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.6.1) neer.  
Die vetgedrukte woorde beteken dat Jeremy ...
- A agter sy ore gewas het.  
B nog te jonk en onervare is.  
C nie sy ore goed afgedroog het nie.  
D alles wil doen wat sy pa gedoen het. (1)
- 4.6.2 Die vetgedrukte woorde is 'n voorbeeld van (denotasie/konnotasie). (1)
- 4.7 Waarom wys Jeremy se pa in RAAMPIE 3 met sy vinger? (1)
- 4.8 Gee die korrekte AFRIKAANS vir '*really*' in RAAMPIE 4. (1)
- 4.9 Lees weer hoe Jeremy met sy ouers praat. Sê hoekom jy nie van sy houding hou nie. (1)
- [10]**

**VRAAG 5: LEESTEKS EN PRENT**

5.1 Lees die teks (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS F****DIÉ JUFFROU SE HART KLOP WARM VIR HAAR LEERDERS**

Margaret Cloete bied al 32 jaar lank Lewensoriëntering (5.1.1) (by) Hoërskool Bergsig aan. Sy was twee jaar (5.1.2) (verlede/gelede) in die nuus oor haar hulp aan 2019 se matrieks. (5.1.3) (Mense het Margaret geprys.)

Margaret sê dinge is (5.1.4) (maklik) vir vandag se kinders, maar hulle sukkel op skool. (5.1.5) (Hulle kry genoeg hulp om op die regte pad te bly.) 5

Bergsig se leerders is (5.1.6) (arm). Die skool het gereeld (5.1.7) (goeie) uitslae gehad. Margaret wou dit verbeter. 2019 se (5.1.8) (hoofseun) het vir haar die idee gegee om die matrieks by die skool te laat slaap. 10 Margaret het dit (5.1.9) (...) die skoolhoof bespreek en hy het ja gesê.

Hulle het leë (5.1.10) (klaskamers) in 'n koshuis omskep. (5.1.11) (Margaret slaap saam met die kinders). Sy het haar eie geld gebruik (5.1.12) (vir die leerders kos koop).

Al hierdie omgee het tot sukses (5.1.13) (gelei/gely). 2019 se matrieks het 'n 80%-slaagsyfer behaal; die (5.1.14) (hoog) in die distrik! 15

[Verwerk uit *Kuier*, 22 Januarie 2020]

5.1.1 Gebruik die HOMONIEM van "by" in 'n sin sodat die betekenis duidelik is. (1)

5.1.2 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Sy was twee jaar (verlede/gelede) in die nuus oor haar hulp aan 2019 se matrieks. (1)

5.1.3 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.

Mense het Margaret geprys. (1)

5.1.4 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.


Margaret sê dinge is (maklik) vir vandag se kinders, maar hulle sukkel op skool. (1)

- 5.1.5 Skryf die sin oor in die ONTKENNING.  
Hulle kry genoeg hulp om op die regte pad te bly. (1)
- 5.1.6 Gee die INTENSIEWE VORM van "arm". (1)
- 5.1.7 Gee die ANTONIEM van "goeie". (1)
- 5.1.8 Gee die VROULIKE VORM van "hoofseun". (1)
- 5.1.9 Vul die korrekte VOORSETSEL in.  
Margaret het dit (...) die skoolhoof bespreek en hy het ja gesê. (1)
- 5.1.10 Verdeel die woord tussen hakies volledig in LETTERGREPE.  
Hulle het leë (klaskamers) in 'n koshuis omskep. (1)
- 5.1.11 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.  
Margaret slaap saam met die kinders. (1)
- 5.1.12 Skryf die volgende sin oor in die INFINITIEF.  
Sy het haar eie geld gebruik (vir die leerders kos koop). (1)
- 5.1.13 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.  
Al hierdie omgee het tot sukses (gelei/gely). (1)
- 5.1.14 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.  
Die matrieks van 2019 het 'n 80%-slaagsyfer behaal; die (hoog) in die distrik! (1)

5.2 Bestudeer die prent (TEKS G) en beantwoord die vrae.

### TEKS G

Vandag is die hele Smit-gesin tuis. Vir Ma is dit skoonmaakdag, maar niemand help haar nie. Sara ontspan in die leunstoel, Pa lees koerant en Ben sit voor die TV.



[Verwerk uit [fotosearch.com](http://fotosearch.com)]

5.2.1 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Sara sit en gesels. Ma werk in die huis. (terwyl)

**Begin só:** Terwyl Sara ...

(1)

5.2.2 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Pa kan goed sien. Hy lees sonder (glase/brille/'n bril).

(1)

5.2.3 Skryf die AFKORTING tussen hakies as 'n WOORD neer.

Ben kyk (TV).

(1)

- 5.2.4 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies.  
Ma het vir Sara gevra om die vuil (borde, bakkies en bekers)  
te was. (1)
- 5.2.5 Gee die SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.  
Ma dra haar (werk+klere) wanneer sy die huis skoonmaak. (1)
- 5.2.6 Vul die ONTBREKENDE WOORD in.  
Ma gebruik haar ... om die vloere skoon te maak. (1)  
**[20]**
- TOTAAL AFDELING C: 40**  
**GROOTTOTAAL: 80**